

28 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 49 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jesaja 49:13

Wanneer die hele skepping juig ... oor die redding van God se volk

Oortuig van sy roeping (*vers 1*) en seker dat die Here hom toegerus het vir sy lewenstaak (*vers 2-3*), is daar tog groot lewenstwyfels wat die profeet Jesaja konfronteer (*verse 4; 14; 19*). Die ballingskap is die rou werklikheid in Israel se hede. *Is dit die einde? Het God hulle vergeet?*

Dit is wel 'n einde, maar ook 'n nuwe begin. 'n Nuwe aankondiging (*vers 5*). Die opdrag aan God se dienaar (*gefokus op die volk Israel*) word verruim om nou ook al die wêreldnasies in te sluit (*vers 6*). In die volheid van die tyd (*vers 8 en verder*) sal Hy op 'n wonderbaarlike wyse sy verlostes nader bring. Dit is die rede vir God se opdrag in vers 13. Die hele skeppingskoor word opdrag gegee om te jubel oor die verlossing (*nuwe bedeling*) wat Hy reeds (*verlede tyd*) vir sy volk berei het.

Al is hulle onseker, verward en voel hulle van God verlate, verseker Hy hulle dat Hy hulle steeds in sy hande vashou (*verse 15-16*) en belowe Hy dat Hy steeds met hulle besig is (*verse 17-23*). Al lyk dinge vir hulle hoe onmoontlik, Hy sal sorg dat alles wat Hy belowe het, bewaarheid sal word (*verse 24-26*).

Sien u ook in die eindes wat ons vandag konfronteer (*en beleef*) die begin van iets nuuts; die voortgang van God se werk? Is alles verby ... of begin dit nou eers regtig? God het ons nie vergeet nie. Sy werk gaan aan en Hy wil ons maar net op 'n nuwe manier gebruik. Is u steeds oortuig van u roeping en toerusting? Wat word van ons gehoor as die skeppingskoor gereedmaak om te jubel oor God se verlossing?

Sing: Psalm 33:1, 5 en 6 (1936-beryming)

Ds IW Ferreira (Rietvallei)